Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, September 05, 2024

Page: 28

# Vermy probleme met boedel só

Geen kliënt se boedel is eenvoudig nie en elkeen se sake verskil. Daar is wel maniere om jou sake so voordelig moontlik te beplan en risiko's te verminder.

Mense werk as boere of sakepersone of in diens van iemand of 'n instelling. Iemand is soms gelyktydig 'n boer én sakeman wat verskeie besighede bedryf. Só iemand kan sy besighede bedryf as 'n eenmansaak, in 'n vennootskap met ander, in 'n maatskappy, in 'n beslote korporasie (BK) of in 'n trust.

Sakemanne en boere het 'n keuse oor die ondernemingsvorm waarmee hulle gemaklik is. Baie boere stel nie belang in maatskappye en BK's nie en bedryf hul boerdery eerder as 'n eenmansaak. Daarom betaal hulle jaarliks tot 45% inkomstebelasting in hul persoonlike hoedanigheid.

As die boer 100% van die aandele van 'n maatskappy of BK besit en die boerdery in só 'n entiteit bedryf, hoef die maatskappy of BK jaarliks slegs 27% aan inkomstebelasting te betaal.

In albei dié gevalle groei die boerdery se waarde in die boer se boedel en word hy meer vermoënd. Dit beteken dat die boer se boedel ál meer boedelkoste sal betaal wanneer hy sterf.

Boedelkoste sluit onder meer eksekuteursgeld (3,5% plus BTW), boedelbelasting, kapitaalwinsbelasting en inkomstebelasting ingevolge artikel 9HA van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) in.

'n Mens moet ook onderskei tussen die boerderybedrywighede en die grond waarop geboer word. In baie gevalle het die boer die grond geërf of gekoop, en daarom is die grond in sy naam geregistreer.

In ander gevalle is die grond in 'n maatskappy of BK waarvan die volle belange in die boer se naam is, terwyl die boerdery in die boer se naam is, met ander woorde 'n eenmansaak. Dit beteken dat nie net die waarde van die besigheid nie, maar ook die plase se waarde in die boedel van die boer sal wees, waarop boedelkoste betaal word. Dieselfde geld vir 'n sakeman wat in eie naam sake doen en die perseel vanwaar die sakebedrywighede bedryf word, in sy naam is of in 'n maatskappy waarvan hy 100% belang hou.

Die boedelkoste is in albei gevalle hoog omdat die besigheidstruktuur nie reg beplan is nie.

## Gebruik trusts reg

Dit is nooit te laat om boedelkoste en inkomstebelasting te verlaag deur wysigings aan sekere strukture aan te bring nie. Dit is egter ook nie te sê dat dit almal sal baat nie, want dit hang af van wat reeds in die boedel aangaan.

Baie boere en sakemense het geen affiniteit vir trusts nie. Dis 'n fout. Baie boekhouers en selfs ouditeure is nie vertroud met die voordele van trusts nie. Daar is ook baie mense wat trusts het, maar nie weet wat om daarmee te maak nie. Ander wend dit weer verkeerd aan. Baie is net te lui om uit te vind hoe dit werk. 'n Trust bied baie voordele as dit reg gebruik word en deurlopend deel is van die sakeman en boer se beplanning en bedryf. Voordele van trusts sluit die volgende in, mits die strukture reg is:

- Sekere bates se waarde groei in die trust en nie in die persoon se naam nie. Op sulke bates word daar dan nie eksekuteursgeld, boedelbelasting, kapitaalwinsbelasting, inkomstebelasting ingevolge artikel 9HA en ander koste betaal as die persoon te sterwe kom nie.
- Die bates bly voortbestaan in die trust en die gade erf dit nie. Daarom word daar nie weer boedelkoste gehef as die gade sou sterf nie.
- Die gade kry die volle toegang en gebruik van die bates in die trust tot met haar of sy afsterwe.
- Daarna kry die kinders die gebruik van en toegang tot die bates in die trust.
- Die bates bly steeds in die trust vir gebruik deur kleinkinders en agterkleinkinders.

Boere en sakemanne moet gebruik maak van 'n boedelbeplanner wat sake deeglik kan ontleed en kennis het van holistiese beplanning van boedels, en wat die werking, samestelling en boekhouding van trusts ken.

Daarmee saam moet gereelde resolusies opgestel word vir alle trustbesluite. Jaarlikse finansiële state moet ook saam met belastingopgawes by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ingedien word.

Alle kundiges word gewoonlik by só 'n holistiese beplanning betrek, waaronder die ouditeur, prokureur, finansiële adviseur en beleggingskundige.

In boerdery en die sakewêreld vermy vele sakemanne en boere dit om aandag aan verskeie risiko's te gee – totdat dit te laat is. Risiko's sal verskil, maar onder die gereelde risiko's tel:

- Daar is nie 'n testament nie of die testament word nie minstens elke twee jaar hersien nie.
- Daar is nie 'n lewende testament nie.
- Daar is nie vir begrafniskoste voorsiening gemaak nie.
- Geliefdes weet nie of jy begrawe of veras wil word of organe wil skenk nie.
- Daar is nie genoeg kontant in die boedel om die boedel af te handel nie.
- Daar is nie genoeg geld oor vir geliefdes ná die dood van die broodwinner nie.
- Die skuld in die maatskappy en BK is te groot en die boedel moet daarvoor instaan omdat gebeurlikheidsversekering nie korrek uitgeneem is nie.
- Sekere ondernemings het geen voortsetting ingevolge 'n koop-en-verkoopooreenkoms nie of lede van die gesin wil nie daarmee aangaan nie.
- Daar is nie versekering wat die onderneming 'n kontantbuffer gee as die sleutelpersoon in die besigheid sterf nie.
- Werknemers (ook die direkteure) het nie elkeen 'n getekende dienskontrak wat op aanvraag aan die SAID getoon kan word nie.
- Trusts word nie reg geadministreer nie. **LBW**

*André Eloff (foto, lid van FISA) en AJ du Plooy (BJuris, ATC) is boedelbeplanners by Business & Legal Consultants.*

NAVRAE: E-pos: **andre@buslegal.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.